

Remgro

Beperk

Registrasienuommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

GEOUDITEERDE VERKORTE
GEKONSOLIDEERDE RESULTATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG

30 JUNIE 2021

EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOF TREKKE

Wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede	op met 66.0%
Totale wesensverdienste per aandeel	af met 8.9%
Totale gewone dividend per aandeel	90 sent
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel	R177.33



Inhoud

Inleiding	1
Groep finansiële oorsig	2
Veranderinge aan direksie	10
Verslae van die onafhanklike ouditeur	10
Verklaring van kontantdividend	11
Samestelling van totale wesensverdienste	12
Samestelling van intrinsieke netto batewaarde	13
Groep finansiële state	14
Direksie	26
Maatskappy-inligting	26
Onafhanklike ouditeur se verslag	27

Inleiding

Inleiding

Aan die begin van die Covid-19-pandemie het Remgro se voorsitter, mnr Johann Rupert, opgemerk dat die impak daarvan nie 'n verposing ("pause") is nie, maar eerder 'n herstelling ("reset") behels. Hoewel mnr Rupert die stelling meer as 'n jaar gelede gemaak het, glo ons dat dit steeds waar is. Die pandemie, en gevolglike bekampingsmaatreëls, het onmeetbare skade wêreldwyd veroorsaak, maar hierdie ontberinge het ook aan individue, maatskappye en organisasies die geleentheid gegee om te besin en, waar nodig, aanpassings te maak.

Remgro gaan voort om by veranderende markte aan te pas, soos wat dit die afgelope 73 jaar van sy ryke geskiedenis suksesvol gedoen het. As deel van hierdie verandering plaas Remgro toenemend klem op sy omgewings-, maatskaplike en bestuurspraktyke (ESG) regdeur die groep. Hoewel werkplek-, ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvolhoubaarheidspraktyke nog altyd deel van Remgro se kernwaardes was, streef die maatskappy daarna om 'n ESG-leier te wees en is besig om maatreëls te implementeer wat sal verseker dat Remgro tot sy korporatiewe burgerskapsmandaat en waardegedrewe etos verbind bly.

Terwyl die nagevolge van die pandemie nog lank gevoel sal word, is Remgro bemoedig deur sy verbeterde vertoning vergeleke met die vorige finansiële jaar.

Resultate in konteks

Die wesensverdienste van voortgesette bedrywighede vir die vergelykende jaar is, gedurende die tweede ses maande tot 30 Junie 2020, wesentlik beïnvloed deur die Covid-19-pandemie en die gevolglike inperkingsmaatreëls, sowel as 'n eenmalige donasie van R500 miljoen aan The South African SME Relief Trust (The SA SME Relief Trust). Die toename, vanaf hierdie lae basis, in wesensverdienste van voortgesette bedrywighede vir die jaar onder oorsig is hoofsaaklik meegebring deur die herstel van die verdienste van meeste van Remgro se onderliggende beleggings (veral RCL Foods Beperk (RCL Foods), Distell Group Holdings Beperk (Distell), TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies) en Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI)). Hierdie toename is gedeeltelik teengewerk deur 'n verminderde bydrae van Mediclinic International plc (Mediclinic) (Mediclinic se bydrae sluit die volle impak van die Covid-19-verwante inperkingsmaatreëls op sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2021 in), sowel as laer rente-inkomste as gevolg van die verlaging van die 300 basispunte in rentekoerse sedert Januarie 2020. Daarby het die rekeningkundige herklassifikasie van FirstRand Beperk (FirstRand), van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste, beteken dat slegs dividendinkomste van R191 miljoen van FirstRand verantwoord is vir die jaar onder oorsig, terwyl verdienste van R657 miljoen in die vergelykende jaar geëkwiteer is.

Inleiding (vervolg)

Groepprofiel

Remgro, wat oorspronklik in die 1940's deur wyle dr Anton Rupert tot stand gebring is, se beleggingsportefeulje het aansienlik uitgebrei en bestaan tans uit onderliggende beleggings, versprei oor nege kategorieë. Die maatskappy is op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE), wat in Suid-Afrika deur die JSE Beperk bedryf word, onder die "Finansiële – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde Finansiële Dienste"-sektor genoteer, met die aandelekode "REM". Remgro se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur, nywerheid en media industrieë. Remgro se mees wesentlike beleggings is Mediclinic (44.6%-belang), RMI (30.6%-belang), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) (55.2%-belang), Distell (31.7%-belang), FirstRand (3.3%-belang), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) (100.0%-belang), RCL Foods (80.4%-belang), Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) (50.0%-belang), TotalEnergies (24.9%-belang) en Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) (43.5%-belang). Hierdie beleggings dra ongeveer 89% tot Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW na belasting) by.

Groepverslagdoening

Vanweë die feit dat Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, is tradisionele prestasie-metings, soos verkope of bruto wins, nie betekenisvolle maatstawwe om die groep se vertoning te evalueer nie. Bestuur gebruik egter "wesensverdienste", "intrinsieke netto batewaarde" en "kontant by die kern" om die groep se vertoning op 'n deurlopende grondslag te evalueer en daarom word hierdie konsepte deurgaans in hierdie verslag gebruik om aandeelhouers 'n beter begrip van Remgro se resultate te gee.

Van tyd tot tyd mag korporatiewe transaksies daartoe lei dat wesentlike items in die inkomstestaat erken word wat nie in die berekening van wesensverdienste uitgesluit mag word nie. In sodanige gevalle mag die groep kies om alternatiewe verdienste maatstawwe te openbaar wat hierdie items uitsluit ten einde vergelykbaarheid tussen rapporteringstydperke te bevorder.

In ooreenstemming met paragraaf 3.4(b)(v) van die JSE se Noteringsvereistes, bevestig die maatskappy weer die gebruik van wesensverdienste per aandeel vir handelsverklaringsdoeleindes. Dit word steeds as 'n toepaslike maatstaf beskou gegewe dat, vir 'n beleggingshouermaatskappy, die evaluering van wesensverdienste 'n sleutelprestasiemaatstaf is.

Groep finansiële oorsig

Finansiële hooftrekke

	30 Junie 2021	%	30 Junie 2020
		<i>Verandering</i>	
Totale wesensverdienste (R miljoen)	2 885	(8.9)	3 167
- per aandeel (sent)	510.6	(8.9)	560.6
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede (R miljoen)*	2 885	66.1	1 737
- per aandeel (sent)	510.6	66.0	307.5
Totale gewone dividend per aandeel (sent)	90	(66.0)	265
	30 Junie 2021	%	30 Junie 2020
		<i>Verandering</i>	
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel (R)	177.33	14.8	154.47
Remgro-aandeelprys (R)	114.60	14.7	99.90
Persentasie diskonto tot intrinsieke netto batewaarde (%)	35.4	(10 bpe)	35.3

* Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede vir die vergelykende jaar is bereken deur die uitsluiting van die geëkwiteerde inkomste van RMB Holdings Beperk weens die ontbondeling van die belegging.

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Vergelyking met vorige jaar

RMB Holdings Beperk (RMH) en FirstRand

Gedurende Junie 2020 het Remgro sy 28.2%-belang in RMH ontbondel (RMH-ontbondeling) en gevolglik is die belegging in RMH as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer vir die jaar geëindig 30 Junie 2020. Vir die jaar onder oorsig word verdienste en wesensverdienste maatstawwe vir voortgesette en beëindigde bedrywigheede weer aangebied en gevolglik sluit beëindigde bedrywigheede vir die vergelykende jaar die geëkwiteerde inkomste van RMH in.

Daar moet ook op gelet word dat met ingang van 8 Junie 2020, Remgro se beduidende invloed oor FirstRand beëindig is vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en gevolglik is die belegging herklassifiseer van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (FirstRand-herklassifikasie). Vir die vergelykende jaar is die belegging in FirstRand geëkwiteer, terwyl, vanaf die datum van die FirstRand-herklassifikasie, net dividendinkomste van FirstRand in die inkomstestaat verantwoord word. Dividende van R191 miljoen is vanaf FirstRand gedurende die jaar onder oorsig ontvang (2020: kontantdividende van R655 miljoen). As gevolg van die Covid-19-pandemie, het FirstRand slegs 'n tussendividend gedurende die jaar onder oorsig betaal.

Rapporteringskategorieë

Elke wesentlike belegging word as 'n bedryfssegment geklassifiseer. Bedryfssegmente word in kategorieë aangebied. Kategorieë bestaan uit beleggings met soortgelyke ekonomiese eienskappe. Soos voorheen gerapporteer, is die kategorieë waarin daar oor die resultate van onderliggende beleggings aan die hoof bedryfsbesluitnemer gerapporteer word, gewysig en sommige beleggings hertoegedeel in lyn met interne rapportering ten einde kommunikasie met belangegroep te verbeter. Die *media en sport* en *ander beleggings* kategorieë, waaronder gerapporteer is tot aan die einde van die 2020-finansiële jaar, is met die volgende nuwe kategorieë vervang:

- *Media* (bestaande hoofsaaklik uit eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments));
- *Portefeuljebeleggings* (nie-strategiese beleggings bestaande hoofsaaklik uit FirstRand en British American Tobacco plc (BAT));
- *Gediversifiseerde beleggingsvoertuie* (entiteite wat as hoofbesigheid self beleggings maak, bestaande hoofsaaklik uit KTH, die Asiëse fondse, Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin) en Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)); en
- *Maatskaplike impakbeleggings* (bestaande hoofsaaklik uit die Blue Bulls-rugbyfranchise en Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk (SAS)).

Vergelykende syfers is dienooreenkomstig aangebied.

Wesensverdienste

Oorsig

Vir die jaar tot 30 Junie 2021 het wesensverdienste van voortgesette bedrywigheede met 66.1%, vanaf R1 737 miljoen tot R2 885 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) van voortgesette bedrywigheede met 66.0%, vanaf 307.5 sent tot 510.6 sent toegeneem het. Totale wesensverdienste en totale WVPA het met 8.9%, vanaf R3 167 miljoen tot R2 885 miljoen, en vanaf 560.6 sent tot 510.6 sent onderskeidelik, afgeneem.

Die toename in wesensverdienste van voortgesette bedrywigheede is hoofsaaklik meegebring deur die hoër bydraes van RCL Foods, Distell, TotalEnergies, RMI en CIVH (laer verliese), sowel as die eenmalige donasie van R500 miljoen aan The SA SME Relief Trust in die vergelykende jaar. Hierdie toename is gedeeltelik teengewerk deur laer bydraes van Mediclinic en FirstRand, sowel as laer rente-inkomste.

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2021	% Verandering	Jaar geëindig 30 Junie 2020
Gesondheidsorg	674	(59.3)	1 655
Verbruikersprodukte	1 576	189.2	545
Finansiële dienste	921	47.6	624
Infrastruktuur	(376)	47.5	(716)
Nywerheid	1 014	279.8	267
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie	(260)	(2.0)	(255)
Media	53	(32.1)	78
Portefeuljbeleggings	247	(64.5)	695
Maatskaplike impakbeleggings	(66)	(447.4)	19
Sentrale tesourie			
- finansieringsinkomste	212	(55.7)	479
- finansieringskoste	(861)	9.5	(951)
- opsie hermeting	-	(100.0)	2
Ander netto korporatiewe koste	(249)	64.7	(705)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	2 885	66.1	1 737
Beëindigde bedrywighede	-	(100.0)	1 430
Totale wesensverdienste	2 885	(8.9)	3 167

Verwys na bladsye 12 en 13 vir die segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning (ongeouditeer)

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R674 miljoen (2020: R1 655 miljoen) bedra, wat 'n afname van 59.3% verteenwoordig. Mediclinic gebruik aangepaste verdienste, wat onbestendigheid met betrekking tot sekere soorte uitsonderlike inkomste en koste uitskakel, vir prestasiebeoordeling en as 'n metode om duidelike en konsekwente rapportering aan sy aandeelhouers te verskaf. Vir die jaar onder oorsig het die grootste verskil tussen aangepaste verdienste en wesensverdienste verband gehou met 'n versnelde waardeverminderings- en amortisasiekoste en 'n hermeting van 'n aflossingsverpligting, terwyl die vergelykende jaar 'n belastingkrediet ingesluit het ten opsigte van 'n verlaging in Switserse statutêre belastingkoerse. Remgro se gedeelte van Mediclinic se aangepaste verdienste het R959 miljoen (2020: R1 480 miljoen) bedra, wat 'n afname van 35.2% verteenwoordig.

Mediclinic se omset en winsgewendheid is in April 2020 beduidend geaffekteer deur Covid-19-verwante inperkingsmaatreëls en beperkings op nie-dringende gekose prosedures. Sedert Mei 2020 het die verslapping van beperkings tot 'n stewige herstel in die bedryfsvertoning in Switserland en die Midde-Ooste gelei. Suider-Afrika het 'n meer geleidelike herstel na die eerste golf ervaar.

Ondanks 'n volgende, en meer ernstige, golf van die pandemie in die tweede helfte van Mediclinic se finansiële jaar, het die maatskappy 'n beter finansiële vertoning gelewer, wat ondersteun is deur minder streng inperkingsmaatreëls, groter bedryfsbuigzaamheid en teenseisoenale vraag in Suider-Afrika en die Midde-Ooste gedurende Desember 2020. Mediclinic se omset vir die volle jaar het met 3% ('n afname van 1% in konstante geldeenheidsterme) afgeneem, terwyl groter aanvraag in die tweede helfte van Mediclinic se finansiële jaar omsetgroei van 1% gelewer het.

In Britse pondsterme het Mediclinic 'n afname in aangepaste verdienste van 42.9%, wat die verswakte gemiddelde SA randwisselkoers teenoor die Britse pond weerspieël, gerapporteer. Hierdie afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die omsetdaling, wat vererger is deur 'n grootliks vaste werknemerkostebasis, waardevermindering en amortisasie, asook 'n toename in die gebruik van persoonlike beskermende toerusting (PPE), verbruiksgoederepryse en personeelvereistes weens isolasie- en kwarantynsregulasies. Inkrementele Covid-19-verwante uitgawes het ongeveer £32 miljoen bedra.

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Verbruikersprodukte

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R1 576 miljoen (2020: R545 miljoen) bedra, wat 'n toename van 189.2% verteenwoordig.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R759 miljoen (2020: R92 miljoen) bedra, wat 'n toename van 725.0% verteenwoordig. RCL Foods rapporteer onderliggende wesensverdienste, aangepas vir direkte Covid-19-uitgawes en sekere elemente van die wins met winskoop wat verband hou met Vector Logistics se verkryging van Imperial se kouekettingbesigheid in die vergelykende jaar. Onderliggende wesensverdienste gee aan RCL Foods-gebruikers relevante inligting en maatstawwe wat deur die maatskappy self gebruik word om prestasie te beoordeel. Covid-19-spesifieke koste vir die tydperk het R121 miljoen (2020: R267 miljoen) bedra. RCL Foods het 'n toename van 170.9% in onderliggende wesensverdienste gerapporteer, veral danksy uitstekende resultate deur die suiker- en bakbesigheidseenhede, asook volgehoue groei deur kruidentersware. Suiker se rekordvertoning is teweeggebring deur verhoogde verbruikersvraag, streng kostebeheer tesame met 'n suksesvolle verskuiwing in die verkoopsmengsel na hoërprys verkope in die plaaslike mark. Die toename in plaaslike suikeraanvraag en krimpende bedryfsoes het 'n meer gunstige aanbod-vraag-balans teweeggebring. 'n Hoër wêreldsuikerprys het ook 'n gunstige invloed op uitvoerinkomste gehad. Die goeie vertoning deur die bakeenheid is gerugsteun deur 'n suksesvolle ommekeer van die Gauteng-bakkerie, sowel as 'n gunstige verkoopsmengsel in die meulbedryfseenheid. Hoender het teleurstellende resultate gelever weens volgehoue groei-uitdagings, beduidende toename in grondstofpryse en die blywende impak van die aanvanklike Covid-19-inperkings, wat deur voëlgriep vererger is.

Distell se bydrae tot wesensverdienste het R538 miljoen (2020: R165 miljoen) bedra, wat 'n toename van 226.1% verteenwoordig. Distell rapporteer genormaliseerde dienste, aangepas vir buitengewone transaksies en wisselkoersbewegings, om die besigheid se vertoning aan te dui. Hierdie buitengewone transaksies sluit afleggings- en herstruktureringkoste in, asook kredietverliesvoorsienings op die Zimbabwe spaarobligasies in die vergelykende jaar. Distell het 'n toename van 302.4% in genormaliseerde wesensverdienste gerapporteer, hoofsaaklik vanweë 'n toename van 26.3% in omset op volumes wat 26.3% hoër was, en die beperking van bedryfskoste. Dit verteenwoordig 'n toename van 7.9% in omset en 'n 2.1% afname in volumes vergeleke met die vlakke voor Covid in die 2019-finansiële jaar. Plaaslike omset en volumes het met onderskeidelik 29.4% en 28.7% toegeneem ondanks 'n afname van 20% in handelsdae weens die tweede en derde verbod op alkoholverkope. Plaaslik het Distell marktaandeel in al drie sy kategorieë (sider en gereed-om-te-drink-dranksies (RTDs), spiritualieë en wyn) vergroot. Omset en volumes in die Afrika-markte, buite Suid-Afrika, het onderskeidelik met 22.9% en 30.7% toegeneem ook danksy uitstekende groei in al drie kategorieë. In die internasionale markte buite Afrika het omset met 10.0% toegeneem, terwyl volumes met 10.8% afgeneem het. Die toename in internasionale omset was hoofsaaklik weens die beëindiging van die verkope van nie-kernwynhandelsmerke, grootmaatwhisky en uittrede uit die RTD-besigheid. Buiten Distell se bydrae, het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingkoste ten bedrae van R47 miljoen (2020: R47 miljoen) verantwoord wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het.

Die wesensverdienstebydrae van Siqalo Foods het R405 miljoen (2020: R414 miljoen) bedra, wat 'n afname van 2.2% verteenwoordig. Ingevolge 'n oorgangsooreenkoms met Unilever het Siqalo Foods 'n na-belaste afsluitingsbedrag ten bedrae van R31 miljoen in die vergelykende jaar van Unilever ontvang. Met uitsluiting van die afsluitingsbedrag, het Siqalo Foods se bydrae tot wesensverdienste van R383 miljoen tot R405 miljoen (of 5.7%) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik toeskryfbaar aan 'n toename van 5.5% in volumes. Goeie kostebestuur het die onderneming in staat gestel om sy bedryfs-EBITDA met 6.7% te verhoog. Buiten Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingkoste ten bedrae van R79 miljoen (2020: R79 miljoen) verantwoord, wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 2 Julie 2018 beheer oor Siqalo Foods verkry het.

Finansiële dienste

Die bydrae deur finansiële dienste tot Remgro se wesensverdienste het R921 miljoen (2020: R624 miljoen) bedra, wat 'n toename van 47.6% verteenwoordig.

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 49.9% tot R898 miljoen (2020: R599 miljoen) toegeneem. Op 'n genormaliseerde basis, wat sekere afwykings uitsluit, het RMI 'n toename van 14.9% in dienste gerapporteer. Ondanks die Covid-19-pandemie, met verhoogde sterftes wat 'n wesentlike invloed op sy lewensversekeringsbedrywighede gehad het, het RMI algeheel 'n sterk bedryfsvertoning gelever, met goeie groei deur beide OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance) en Hastings Group Holdings plc (Hastings), sy twee groot korttermynversekeringsbeleggings. Daarby het die lae rentekoersomgewing 'n positiewe impak op RMI

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Finansiële dienste (vervolg)

se finansieringskoste gehad. 'n Uitstekende vertoning deur RMI Investment Managers het ook tot die goeie prestasie bygedra.

OUTsurance se verdienste (die belang in Hastings uitgesluit) het met 14.3% toegeneem danksy sterk ekwiteitsmarkopbrengste en 'n toename in bruto geskrewe premies, terwyl Hastings se verdienste met 20.1% toegeneem het hoofsaaklik as gevolg van 'n laer eiseverhouding. Die afname in Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) se verdienste (33.8% laer) is weens die langdurige negatiewe uitwerking wat Covid-19 op sterfte-eise het, asook die verwagte impak van die voortdurende derde, en moontlike vierde, golf van die pandemie. Die verdienste van Discovery Beperk (Discovery) het met 9.1% afgeneem, hoofsaaklik weens die Covid-19-verwante impak op Discovery Life.

Business Partners Beperk (Business Partners) se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde het met 8.0% tot R23 miljoen (2020: R25 miljoen) afgeneem. Die afname was hoofsaaklik as gevolg van laer netto rente-inkomste vanweë 'n verlaging van 300 basispunte in die gemiddelde rentekoers, asook 'n afname in netto eiendomsinkomste weens 'n toename in onbesette ruimtes en die verskaffing van huurverligting. Die afname is gedeeltelik teengewerk deur laer netto kredietverliese. Netto kredietverliese in die vergelykende jaar sluit die verwoestende impak in wat die Covid-19-pandemie op die klein- en mediumgroot-ondernemingsektor (KMO's) gehad het.

Infrastruktuur

CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde het 'n verlies van R435 miljoen (2020: 'n verlies van R649 miljoen) bedra. Ingesluit in CIVH se vergelykende jaar is eenmalige kostes wat verband hou met die finansiering van die verkryging van Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel), sowel as die koste wat aangegaan is vir CIVH se skuldherfinansiering, 'n proses wat in Desember 2019 afgehandel is. Die afname in verliese is ook toeskryfbaar aan 'n toename in annuïteitsinkomste by Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) en intekenaarsgroei by Vumatel. DFA se omset het marginaal tot R2 483 miljoen (2020: R2 465 miljoen) toegeneem en is geraak deur laer eenmalige omset weens Covid-19. DFA se annuïteitsinkomste het op 31 Maart 2021 R192 miljoen (31 Maart 2020: R179 miljoen) per maand bedra. Vumatel se omset het met 50.1% tot R2.4 miljard toegeneem en is aangedryf deur 'n groei in intekenare.

Grindrod Beperk (Grindrod) en SEACOM Capital Beperk (SEACOM) se bydraes tot Remgro se wesensverdiensde het onderskeidelik R16 miljoen en R26 miljoen (2020: verliese van R12 miljoen en R10 miljoen) bedra, terwyl ander infrastruktuurbeleggings Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping) se bydrae insluit, wat 'n wins van R19 miljoen (2020: 'n verlies van R46 miljoen) bedra het. Die toename in die wins van Grindrod Shipping is hoofsaaklik die gevolg van beter marktoestande in die droëvragektor.

Nywerheid

Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde het met 3.3% tot R322 miljoen (2020: R333 miljoen) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik weens moeilike handelstoestande, grootliks as gevolg van Covid-19. Hoewel handelstoestande verbeter het, is groei moontlikhede beperk weens die lae vlakke van kapitaalinvesterings in die ekonomie.

TotalEnergies se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde het 'n wins van R366 miljoen (2020: 'n verlies van R20 miljoen) bedra. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdiensde vir die jaar onder oorsig is gunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R186 miljoen (2020: ongunstige voorraadherwaardasies van R229 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent-ru-olieprys en die randwisselkoers. Met uitsluiting van die herwaardasies, het die bydrae met 13.9%, van R209 miljoen tot R180 miljoen, afgeneem. Die afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan 'n aansienlike afname in volumes in die kleinhandelsnetwerk-, mynbou- en kommersiële sektor weens die impak van die Covid-19-inperking, asook Natref se onderdrukte marges en die domino-effek van die verswakte ekonomie op die raffineringsektor.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde het met 230.0% tot R264 miljoen (2020: R80 miljoen) toegeneem hoofsaaklik danksy hoër verkoopsvolumes, wat ook skaalvoordele in die vervaardigingsbedrywe ontsluit het, en voordele voortspruitend uit die opwaartse kurwe in kommoditeitspryse. Die swak SA rand en stygende internasionale verskepingkoste het invoerders genoop om bestellings na plaaslike uitpersers te skuif.

Ander nywerheidsbeleggings bestaan uit PGSI Beperk (PGSI) se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde, wat 'n wins van R62 miljoen (2020: 'n verlies van R126 miljoen) bedra het.

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Gediversifiseerde beleggingsvoertuie

KTH se bydrae tot wesensverdienste het 'n verlies van R182 miljoen (2020: 'n verlies van R164 miljoen) bedra. Die verdienste van KTH sluit 'n negatiewe billike waarde aanpassing van R434 miljoen (2020: R260 miljoen) op sy belegging in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk in, wat gedeeltelik teengewerk is deur 'n positiewe billike waarde aanpassing van R60 miljoen (2020: negatiewe billike waarde aanpassing van R69 miljoen) op sy belegging in Momentum Metropolitan.

Die bydrae van ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie tot wesensverdienste het 'n verlies van R78 miljoen (2020: 'n verlies van R91 miljoen) bedra. Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie sluit die bydrae in van Invenfin, wat 'n verlies van R128 miljoen (2020: 'n verlies van R106 miljoen) behels het. Invenfin se verlies hou hoofsaaklik verband met die verliese van sy belegging in Bos Brands Eiendoms Beperk. Hierdie verliese is gedeeltelik teengewerk deur dividende van R55 miljoen wat uit Remgro se belegging in PRIF ontvang is.

Media

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 44.9% tot R43 miljoen (2020: R78 miljoen) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik die gevolg van laer advertensie-omset, wat eMedia Investments se belangrikste bron van omset is. Moeilike handelsomstandighede weens die pandemie het voortgeduur in die gratis uitsaaibedryf, met veral advertensie-omset wat onder groot druk was. eMedia Investments se televisie-advertensie-omset is ongeveer 8% beter as die mark, wat toeskryfbaar is aan die marktaandeel in spitstyd, wat van 24.6% in Maart 2020 tot 29.6% in Maart 2021 toegeneem het, 'n toename van 20.3%.

Portefeuljebeleggings

Die bydrae deur portefeuljebeleggings tot wesensverdienste het R247 miljoen (2020: R695 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik die gevolg van dividende van R191 miljoen wat van FirstRand ontvang is teenoor geëkwiteerde verdienste van R657 miljoen in die vergelykende jaar. Ander portefeuljebeleggings sluit die dividende in van R56 miljoen (2020: R38 miljoen) wat van BAT en Reinet Investments SCA ontvang is.

Maatskaplike impakbeleggings

Maatskaplike impakbeleggings bestaan hoofsaaklik uit verskeie sportbelange, waaronder 'n belang in die Blue Bulls-rugby franchise en SAS.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R212 miljoen (2020: R479 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik die gevolg van laer plaaslike rente wat verdien is weens die afname van 300 basispunte in die Suid-Afrikaanse repokoers wat aangekondig is sedert Januarie 2020, sowel as 'n laer gemiddelde plaaslike kontantbalans. Finansieringskoste is laer teen R861 miljoen (2020: R951 miljoen), hoofsaaklik vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe in kontant op 22 Maart 2021.

Ander netto korporatiewe koste het R249 miljoen (2020: R705 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik die gevolg van die eenmalige skenking van R500 miljoen wat in die vergelykende jaar aan The SA SME Relief Trust gemaak is.

Verdienste

Totale verdienste het met 46.6% tot R3 550 miljoen (2020: R6 646 miljoen) afgeneem. Daar moet op gelet word dat benewens die toename in wesensverdienste van voortgesette bedrywighede hierbo bespreek (R1 148 miljoen hoër) en die geëkwiteerde verdienste van RMH in die vergelykende tydperk ten bedrae van R1 395 miljoen, verdienste ander eenmalige items insluit wat die vergelykbaarheid daarvan bemoeilik, waaronder:

- die rekeningkundige wins gerealiseer met die RMH-ontbondeling en FirstRand-herklassifikasie ten bedrae van R11 588 miljoen in die 2020 finansiële jaar;
- Remgro se gedeelte van die waardedaling van Mediclinic se bates in Switserland en die Midde-Ooste en sy belegging in Spire Healthcare Group plc (Spire) van R4 330 miljoen in die 2020 finansiële jaar;
- die waardedaling van klandisiewaarde van R1 809 miljoen in verband met Remgro se belegging in Distell in die 2020 finansiële jaar;
- Remgro se gedeelte van die waardedalings van R970 miljoen in RCL Foods se onderliggende afdelings in die 2020 finansiële jaar; en
- die terugskrywing van waardedaling van Remgro se beleggings in Grindrod van R488 miljoen (2020: waardedaling van R596 miljoen) en Grindrod Shipping van R607 miljoen (2020: waardedaling van R112 miljoen).

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Intrinsieke netto batewaarde

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 14.8%, vanaf R154.47 op 30 Junie 2020 tot R177.33 op 30 Junie 2021, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2021 was R114.60 (2020: R99.90), wat 'n diskonto van 35.4% (2020: 35.3%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na bladsy 13 vir volle besonderhede.

Beleggingsaktiwiteite

Die wesentlike beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

CIVH

Gedurende Januarie 2021 het Remgro, ingevolge 'n regte-uitgifte, vir 54 738 aandele ten bedrae van R1 636 miljoen in CIVH ingeskryf. Die aandele-inskrywing het Remgro se belang in CIVH marginaal vanaf 54.7% op 30 Junie 2020 tot 55.2% op 30 Junie 2021 verhoog.

Sedert 30 Junie 2021, het Remgro ingevolge 'n verdere regte-uitgifte vir 'n bykomende 67 364 aandele ten bedrae van R2 124 miljoen in CIVH ingeskryf, waardeur Remgro se belang in CIVH tot 55.5% verhoog het. Die opbrengs van beide regte-uitgiftes is gebruik om die CIVH-groep se skuld te verminder, asook om kapitaalbesteding fasiliteite te ontsluit met die oog op toekomstige groei.

FirstRand

Gedurende Mei 2021 het Remgro 40 000 000 FirstRand-aandele deur 'n versnelde boekbou-aanbod verkoop vir 'n bruto bedrag van R2 040 miljoen (of R51.00 per aandeel). Die transaksie het Remgro se belang in FirstRand tot 3.3% (2020: 4.0%) verminder.

RCL Foods

Gedurende November en Desember 2020 het Remgro 'n bykomende 28 940 412 RCL Foods-aandele ten bedrae van R234 miljoen bekom. Op 30 Junie 2021 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 80.4% (2020: 77.1%).

Asia Partners I LP (Asia Partners)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro hom verbind om \$25 miljoen in Asia Partners te belê. Asia Partners maak private ekwiteits- en private ekwiteitsverwante beleggings in tegnologie- en tegnologiebemaagte maatskappye, met die fokus hoofsaaklik op die Suidoos-Asiëstreek. Op 3 Maart 2021 het Asia Partners, wat 'n aanvanklike teikengrootte van \$300 miljoen vir sy fonds gestel het, die finale sluiting van die fonds met \$384 miljoen se bewilligde fondse aangekondig. Tot 30 Junie 2021 het Remgro \$11 miljoen belê, waarvan \$1 miljoen verband hou met fondssluitingskoste. Op 30 Junie 2021 het die oorblywende verpligting ten opsigte van Asia Partners \$15 miljoen bedra.

Sedert 30 Junie 2021 het Remgro 'n verdere \$6 miljoen in Asia Partners belê.

Milestone China Fondse

Op 30 Junie 2021 het Remgro se totale belegging in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) \$100 miljoen bedra. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro uitkerings ten bedrae van \$14 miljoen van Milestone III ontvang, wat die kumulatiewe uitkerings tot \$85 miljoen verhoog het. Op 30 Junie 2021 het die billike waarde van Remgro se belegging in Milestone III \$86 miljoen bedra.

Sedert 30 Junie 2021 het Remgro uitkerings ten bedrae van \$4 miljoen van Milestone III ontvang.

PRIF

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R114 miljoen in PRIF belê en uitkerings van R81 miljoen ontvang, waardeur die kumulatiewe belegging tot R486 miljoen en die kumulatiewe uitkerings tot R338 miljoen verhoog is. Op 30 Junie 2021 het die billike waarde van Remgro se belegging in PRIF R368 miljoen bedra, en die oorblywende verpligting R164 miljoen.

KTH

Gedurende November 2020 het Tiso Blackstar Group Eiendoms Beperk, deur verskeie stappe wat onderling verband hou, sy belegging van 20.0% in KTH beëindig, wat Remgro se belang in KTH verhoog het. Op 30 Junie 2021 was Remgro se belang in KTH 43.5% (2020: 36.3%).

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Beleggingsaktiwiteite (vervolg)

Invenfin

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro (deur sy volfiliaal Invenfin) 'n verdere €4 miljoen in Bolt Technology OÜ (Bolt) belê en sodoende sy kumulatiewe belegging tot €9 miljoen (of 0.7%) verhoog. Bolt is 'n voorste mobiliteits- en afleweringdiensplatform, met 'n hoofkantoor in Tallinn (Estland), wat sake regoor Europa en Asië bedryf.

Ander

Ander kleiner beleggings het R167 miljoen bedra.

Gebeure na jaareinde

RMI

Op 20 September 2021 het RMI sy besluit om sy beleggingsportefeulje te herstruktureer deur die uitkering van al die aandele gehou in sy twee lewensversekering-gefokusde bates, Discovery en Momentum Metropolitan, sowel as 'n kapitaaluitreiking van tot R6.5 miljard deur middel van 'n regte-uitgifte om sy kapitaalstruktuur te optimaliseer, aangekondig (die RMI-herstrukturering). Remgro het vir RMI sy in-beginsel ondersteuning vir die RMI-herstrukturering gegee. Na die ontbondeling sal RMI se oorblywende bates hoofsaaklik bestaan uit sy 89.1% belegging in OUTsurance en sy 30.0% belegging in Hastings.

Burgerlike onrus in Suid-Afrika

Distell en RCL Foods

Burgerlike onrus het van 9 tot 17 Julie 2021 in die Suid-Afrikaanse provinsies KwaZulu-Natal en Gauteng voorgekom en tot geweld en die verwoesting en plundering van eiendom en besighede gelei. Een van Distell se verspreidingsentrums in KwaZulu-Natal is beskadig en bedrywighede ontwig. Voorlopige beraminge dui op skade van tussen R80 miljoen en R100 miljoen. Verskeie van RCL Foods se persele in die hoender- en Vector Logistics-besigheidseenhede in KwaZulu-Natal is ook deur die burgerlike onrus en gepaardgaande plundering en vandalisering van eiendom geraak. RCL Foods raam die impak van die burgerlike onrus op nagenoeg R46 miljoen.

Die impak van die burgerlike onrus word beskou as 'n nie-aanpasbare gebeurtenis ingevolge *IAS 10: Gebeure na die Verslagtydperk*. Geen aanpassings is dus gemaak in die bedrae wat in die finansiële state op 30 Junie 2021 erken is nie.

Buiten bogenoemde gebeure was daar geen ander beduidende gebeure sedert 30 Junie 2021 nie.

Finansieringsaktiwiteite

Op 22 Maart 2016 het Remgro omruilbare skuldbriewe ten bedrae van £350.0 miljoen (deur sy volfiliaal, Remgro Jersey GBP Beperk) uitgereik. Hierdie omruilbare skuldbriewe is op 22 Maart 2021 met kontant afgelos.

Tesourie-aandele

Op 30 Junie 2020 is 3 297 213 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-skemas te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is 17 050 Remgro gewone aandele aangewend ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers te vereffen.

Op 30 Junie 2021 is 3 280 163 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele gehou.

Groep finansiële oorsig (vervolg)

Kontantbronne by die kern

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2021 was soos volg:

R miljoen	30 Junie 2021			30 Junie 2020
	Plaaslik	Buiteland	Totaal	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	5 478	3 285	8 763	15 631
Belegging in geldmarkfondse	5 010	-	5 010	4 945
Min: Kontant van bedryfsfiliale	(2 992)	(1 075)	(4 067)	(3 503)
Kontant by die kern	7 496	2 210	9 706	17 073

Op 30 Junie 2021 was ongeveer 51% (R4 980 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

Veranderinge aan direksie

Die volgende veranderinge was effektief 30 November 2020:

- Me S E N De Bruyn is as lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee aangestel;
- Mnr P K Harris het as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die direksie afgetree;
- Mnr J Malherbe het as mede-ondervoorsitter bedank; en
- Mnr K M S Rantloane is as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en lid van die beleggingskomitee aangestel, welke direkteursaanstelling ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig sal word.

Die direksie bedank mnr P K Harris vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

Verslae van die onafhanklike ouditeur

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state.

Hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2021 is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. geoudit en hul het 'n ongemodifiseerde opinie daaroor uitgespreek. Die ouditeur het ook 'n ongemodifiseerde opinie oor die finansiële jaarstate uitgespreek waarvandaan hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state saamgestel is.

'n Kopie van die ouditeur se verslag oor die gekonsolideerde finansiële jaarstate is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van die maatskappy, tesame met die finansiële state wat in die ouditeur se onderskeie verslae geïdentifiseer word. Die verslag oor die verkorte gekonsolideerde finansiële jaarstate is hierby aangeheg.

Die ouditmening is nie noodwendig van toepassing op al die inligting ingesluit in hierdie aankondiging/finansiële resultate nie. Aandeelhouers word dus geadviseer om die ouditverslag en meegaande finansiële inligting te bekom by die geregistreerde kantoor van die maatskappy of op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com ten einde 'n behoorlike begrip van die aard van die ouditeur se prosedures te verkry.

Verklaring van kontantdividend

Verklaring van Dividend Nr. 42

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 60 sent (2020: 50 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandeel sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandeel sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 12 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 48 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelasting-ooreenkoms.

